# ***ELJADA HUIS MSW***

MAATSKAPPY SONDER WINSOOGMERK

20 Februarie 2014

Dagsê Almal

Ps. 100:5 "…want die Here is goed, aan sy liefde is daar geen einde nie, sy trou duur van geslag tot geslag."

Woorde het ek nie vanoggend genoeg nie want my dankbaarheid is onbeskryflik groot. Die finansies het 'n reuse inspuiting gekry en kon ons gisteraand tydens die direksie vergadering met verwondering aanhoor dat ons onmiddellike probleem opgelos is en kan ons hierdie maand al ons verpligtinge nakom. Baie, baie dankie aan almal wat hulle harte en beursies vir ons oopgemaak het. Ook aan elkeen wat dit vir ons moontlik maak om die susterssaamtrek te kan bywoon. Ons is baie opgewonde.

Die eerste fase van ons bouwerk is byna afgehandel en die ekstra ruimte is 'n groot verligting. Met die geweldige druk wat op ons geplaas is met die werkskeppingsprojekte sal die ruimte handig te pas kom. Ons is diep dankbaar vir die bouwerk en alles wat daarmee gepaard gaan en was dit gisteraand ook vir ons 'n openbaring dat Martin van Veelen bykans R400 000 hier spandeer het om alles te laat gebeur. Ek het werklik nie woorde genoeg om my dankbaarheid uit te spreek nie. Martin, ek kan net vir jou sê dat die verskil wat dit by Eljada Huis maak van onskatbare waarde is. Die tweede fase word egter eers op hou geplaas sodat ons eers fondse bymekaar kan maak om 'n groter bydrae te maak met die verdure verbeteringe.

Riaan Eksteen – Besturende Direkteur / Voorsitter het ons ook verder baie goeie nuus meegedeel nl. dat ons aansoek vir 'n PBO nommer goedgekeur is en is ons in die posisie om 'n skenkerkwitansie in terme van Artikel 18A van die Inkomstebelastingwet van 1962 (PBO No 930045182) uit te reik. Alle skenkers kan my dus kontak vir die afgelope jaar se skenkings om so 'n kwitansie te bekom. Gee my net so 'n bietjie tyd sodat ek kwitansie boeke kan druk.

Die direksie het ook besluit om die "sagepay" debietorder stelsel te implementeer sodat ons u in staat stel om 'n kleiner maar meer gereelde bydrae te maak. Om deel te word van die Eljada Huis Vriendskapskaart stelsel gaan vir elke deelnemer ook voordele inhou soos afslag op verskeie gebiede. Kontak my gerus vir meer inligting as u belangstel. Die kontrakdokumente is in die druk proses en sal binnekort beskikbaar wees.

Soos beloof gee ek vir u 'n kort finansiële verslag van die Eljada Huis.

Maandelikse uitgawes:

| | |
|---|---|
| Salarisse | R 11 000 |
| Water en krag | R 4 000 |
| Bankfooie | R 100 |
| Telefoon | R 1 200 |
| Internet | R 199 |
| Brandstof | R 2 000 |
| Instandhouding | R 1 000 |
| Kombi versekering | R 400 |
| Kruideniersware | R 5 000 |
| **Totaal maandeliks** | **R24 700** |

Uitgesluit is die sporadiese uitgawes rondom binnelandse sake, tande, brille, medikasie, huur en ander uitgawes waaroor ek gereeld rapporteer en vra vir donasies. Wanneer ons geen donasies ontvang vir die spesifieke versoek nie word dit uit die rekening betaal. Soos u verder kan sien sluit dit nog nie die versekering van die huis in nie want die huis is nog nie oorgedra op ons naam nie. "n Doelwit vir hierdie jaar wat ook 'n finansiële implikasie op sy eie het.

As ons 1000 R100 debietorders kan verseker laat dit ons met 'n baie mooi bedrag van R100 000 en sal ons nooit weer bekommerd hoef te wees dat Eljada Huis se voortbestaan bedreig word nie.

Hiermee dus my uitdaging aan al die huidige vriende van die huis om my te help om hierdie mikpunt binne ses maande te bereik.

Baie, baie dankie byvoorbaat.

Eljada Huis groete

Annatjie

***Bankbesonderhede:***

**Eljada Huis,**
**Standard Bank, Montana,**
**Marketlink spaar, 044396058,**
**Bankkode 051001**

***NOODROEP VANUIT DIE KOMBUIS!!!!!***

- **KOS – Blikkies vleis, vis en groente, soja, macaroni, spaghetti, koffie, boksmelk, margarien, konfyt, stroop, grondboontjie botter, bovril, kookolie, kitsontbytkos, soppoeier, speserye, eiers, aanmaak koeldrank.**
- **Toiletware – skeermesse, toiletpapier, badseep, sjampoe, aanrol, spuitgoed, waspoeier en sunlight seep.**

**Vir die huis:**

Tuinstoele, Stoele en tafels vir ons nuwe buite-eetkamer en stoep, waaiers, alle soorte bottels, appelbokse, skoendose, roomys en margarien bakkies, los kaste en tafels, rekenaars, naaimasjiene, kaste en staalrakke vir die nuwe stoorkamer wat byna klaar is, kaste vir die eetkamer.